TIMOL ONTHUL

Name van Rooi helpers en bomresepte

DIE hele struktuur van die Kommunisteparty in Suid-Afrika, is deur Ahmed Timol verklap in 'n verklaring wat hy voor sy dood opgestel het.

Dit is gistermiddag as bewysstyk ingelewer by die geregtelike ondersoek na sy dood wat in die landdroshof in Johannesburg aan die gang is.

Timol is die Indiër wat in Oktober verlede jaar deur die Polisie angekeer is nadat verbode pamflette tydens 'n padblokkade in sy motor gevind is.

'n Paar dae nadat die polisie hom aangekeer het, het hy van naar die tiende verdieping van die polisiehoofkwartier in Johannesburg na sy dood gestort.

In die beweerde verklaring, in Timol se eie handskrif, onthul hy onder meer:

- Besonderhede oor sy opleiding as Kommunis by die hoofkantoor van die SA Kommunisteparty in Londen.
- Sê hy wie sy leermeester was.
- Gee hy die name van ander mense met wie hy hier in verbinding was.
- Erken hy dat hy in Londen aangestel is as leier van een van die hoofselle van die Rooies in die Republiek.

Diagram

Op meegaande diagram wat Timol gemaak het (een van twee), verduidelik hy gedeeltelik die struktuur van die party en sy plek daarin.

Onmiddellik daarna gee hy die name van „hulle wat in Londen is en was": hyself was by Leicester. In Londen was Yagoots Varachia, Yusuf Saloojee, Aziz Pahad, Essop Pahad, Ronnie Kaka, Solly Jaqueson — almal van Johannesburg.

Mense wat nog daar is, is onder meer: H. Pilai, Bhabha, Thabo Mbeki, Anne Nicholson en Albie Sachs.

Timol skryf (Taalfoute onveranderd geplaas): „I was made the leader of the main unit which I was to start off, this was under instructions from Head Quarters in London in Februarie 1970.

„My training was started in January 1970 at Jack Hodgson's residence. I was taken there by Stephnie . . ."

Geheime ~~skrif~~ Training!

what Timol had learnt at this place

Timol sê wat Hodgson ('n politieke vlugteling uit Suid-Afrika) hom alles geleer het.

Hy beskryf in fyn besonderhede hoe hy geleer is om geheime skrif te skryf en om 'n emmer met pamflette daarin te laat ontplof. (Op verskeie plek- ...

die skool se afrolmasjien gebruik. (Timol was 'n onderwyser in Roodepoort.)

In Augustus 1970 is pamflette vir die eerste keer deur hom versprei. Dit was by die Jeppestraatse poskantoor na 8 nm.

Oproep

Hy is uit Londen daarmee gelukgewens.

Hy vertel hoedat hy verskeie kere pamflette uit Londen gekry het. Dit was o.m. in 'n doos tee versteek — ook onder sjokolade.

Van die pamflette het 'n oproep tot opstand en geweldpleging in Suid-Afrika bevat.

In Johannesburg het hy 'n Indiër, Indres Moodley, ontmoet. Hulle het politieke gesprekke gevoer en hy het aan Moodley 'n skema gewys wat opgestel is oor die party se struktuur in Suid-Afrika. Daarvolgens was daar hoof- en subgroepe wat onafhanklik van mekaar in die land werk.

Indres Moodley - Timol's meeting with Indres

Hy het by die hoofkwartier van die party aanbeveel dat Moodley lid word en dit is aanvaar. Moodley was nie in die saak geken nie.

Moodley accepted as member

*Timol skryf dat hy die name van verskeie moontlike kandidate aan Londen gestuur het sonder dat hy met dié mense oorleg gepleeg het. Met Saleem Essop het hy Marxisme bespreek. Hy het kontak met Moodley verloor.

Timol sent * a list of possible candidates without judging them

Hy sê dat hy die gasvryheid van sy tante in Suid-Afrika misbruik het in sy pogings om die groei van die Kommuniste-Party hier te bevorder.



BELÊ en SPAAR b

Voogdy

AAR u GELD, GELD

VOOGDY-BANK BP

(Geregistreerde Algemene Bank)

Tel. 22-3732/3/4

...ert vo... verk...

...-Afrika is aangesê om selfmo... ...of hul maats se name te ver...

... is.

Hy het erken daar is nog sowat 30 tot 40 dokumente in 'n besondere fyn handskrif wat nog nie ingedien is nie. Hy voel dit is in belang van „reg en geregtigheid" om dit nie in te dien nie. „Daar is nog kriminele sake hangende."

Adv. Maisels het gesê die feit dat dié dokumente in 'n ander ondersoek gebruik word, is nie 'n rede waarom dit nie voor die hof gebring moet word nie. Hy het versoek om dit net op 'n afstand te sien en beloof hy sal dit nie lees nie.

Handskrif

Die advokaat het gesê dat hy nie verplig is om kapt. Dirker te glo oor die dokumente en die fyn handskrif nie. Volgens hom, is die polisieman 'n onbetroubare getuie bevind in die Beytagh-saak.

Kapt. Dirker het gesê adv. Maisels doen 'n persoonlike aanval op hom. In die Beytagh-verhoor was dit vir hom soms moeilik om die vrae te hoor.

stukke waarop die polisie beslag gelê het.

Die middag voordat Timol dood is, het iemand die kantoor ingekom waar die ondervraging aan die gang was. Hy het gesê dat Quentin, Martin en Henry opgespoor is.

Geskok

„Timol was duidelik geskok. Ons het die kantoor verlaat om sekere sake te bespreek en sers. Rodrigues gevra om Timol op te pas. Hy het by die tafel gaan sit. Net daarna het Timol opgespring en by die venster uitgespring.

„Ek dink hy het selfmoord gepleeg omdat hy bang was hy moet lank tronk toe gaan," lui die verklaring.

Vroeër is lt.-kol. W. P. van Wyk wat eergister getuig het dat Timol se plan tot massamoord in Suid-Afrika kon lei, in kruisverhoor geneem.

Kol. Van Wyk het getuig dat name wat in die dokumente verskyn het wat by Timol gevind is, vir hom baie belangrik was.

Aan die hand van hierdie inligting beweer hy dat daar so 'n noue verwantskap tussen Timol en Quentin was, dat hulle saam planne beraam het om sabotasie in Suid-Afrika te pleeg. Adv. Maisels het daarop gewys dat daar op die klagstaat teen Jacobsen geen melding van Timol gemaak is nie.

Kol. Van Wyk het gesê dat hy nie by die ondersoek van dié saak betrokke was nie.

Toe adv. Maisels hierop vra of kol. Van Wyk nog steeds dink dat daar 'n noue verbintenis tussen Timol en Jacobsen was, het kol. Van Wyk geantwoord: „Ja, en ek dink Jacobsen was baie gelukkig om los te kom."

Op 'n stelling van adv. Maisels dat daar beweer wor...